# 2006-begroting se vernaamste kenmerke

*(van bl. 1)*

**Die totale begrote uitgawe vir 2006 beloop R1,7 biljoen – wat wat só saamgestel is:**

| Element | 2005 (Rm) | 2006 (Rm)% | Toename 2005-06 | 2006 % van totaal |
|---|---|---|---|---|
| Hoofbegroting | 821 | 840 | 1,9 | 50 |
| Derdegeldstroom | 695 | 730 | 5,0 | 43 |
| Huisvesting | 98 | 116 | 18,6 | 7 |
| **Totaal** | **1 614** | **1 686** | **4,5** | **100** |

- Studiegeld styg met 5%, behalwe in enkele gevalle by die Nagraadse Bestuurskool.
- R60 per student kom by studiegelde by, as deel van toegangsgelde vir notagelde se outeursregkomponent – wat as 'n aparte item op studenterekeninge verval en in die globale studiegeldbedrag gekonsolideer word.
- Huisvesting (behalwe universiteitshuise) kos gemiddeld 7,2% meer. Die tariewe vir vergelykbare akkommodasie tussen die verskillende koshuise word gelykgestel. Blyplek in universiteitshuise kos 12% meer, wat dit in lyn bring met vergelykbare akkommodasie elders.
- Die hoofbegroting (behalwe die US-raad se *ad hoc* bydraes) word só tussen die hoof-uitgawekategorieë verdeel:
  - Fakulteite (wat gedesentraliseerde steundienste en geoormerkte toekennings uit die Strategiese Fonds insluit): 51,3% (50,4% in 2005)
  - Steundienste: 19,7% (20,0% in 2005)
  - Institusioneel (wat beurse en biblioteekmateriaal insluit): 28,9% (28,5% in 2005).
- Die begroting maak voorsiening vir 5% meer in die vergoedingsrekening, waarbinne individuele vergoedings gedifferensieerd aangepas gaan word. R2m is vir merietetoekennings opsygesit – in die eerste helfte van 2006 en volgens kriteria en prosesse waaroor vooraf deeglik oorleg gepleeg sal word.

Die uitgawebeplanning, wat vanjaar in erns begin het, en dié wat in 2006 sal ontvou, geskied volgens gespesifiseerde herstruktureringsondersoeke (soos nou rakende fasiliteitebestuur en akademiese administrasie) met die klem op beter en meer toegespitste nastrewing van die US se strategiese doelwitte.

Die oogmerk is die heraanwending van bestaande bronne én die volhoubare verlaging van die US se uitgawevlakke. Stappe wat gedoen is, sluit in die uitskakeling van duplikasie; staking of meer koste-effektiewe uitvoering van funksies en take; vermindering van poste en personeel (105 uit 120 aansoeke om vrywillige uitdienstreding is aanvaar en saam met ander postevermorderings in die 2006-struktuurplanne beteken dit 'n netto besparing van R10m op die vergoedingsrekening); asook onderhandelings met diensverskaffers oor kostebeperkings.

# Ook gemik op Visie 2012 se doelwitte

**DIE begroting beliggaam verskeie sake van besondere belang in die nastrewing van Visie 2012 en die gepaardgaande strategiese doelwitte. Hieronder tel:**

- R20m uit die strategiese fonds ter ondersteuning van "**snoei om te groei**" in verskeie fakulteite, én die poging om – deur die sogenaamde "**Eerstejaarsakademie**" – die studente-deurvoerkoers te verbeter .
- Voorgraadse **studiebeurse** van sowat R44m, waarvan ongeveer R24,5m pertinent vir diversiteitsbevordering is. Vir voor- én nagraadse beurse saam word R51m begroot (byna 20% van die verwagte inkomste uit studentegelde), wat 'n spesiale Raadsbewilliging van R16,5m insluit.
- R5m per jaar vir drie jaar uit die strategiese fonds ter bevordering van **diversiteit**.
- R4,8m vir die **Taalsentrum** – 50% meer as in die 2005-begroting.
- R1m per jaar vir drie jaar (2005-'07) vir **gemeenskapsinteraksie**-projekte, mits buitefondse dit hefboom.
- 'n Besparingsteiken van R11,5m rakende ondersoeke vir **herbelyning buite die akademie**.
- Teikens aan fakulteite om **bedryfstekorte** mettertyd te verklein, inaggenome die bydrae tot strategiese doelwitte.

Hennie Rudman

**Prof Chris Brink het almal wat uitdienstredingspakkette geneem het asook hul eggenote(s) of metgeselle na 'n onthaal in die HB Thom Teater genooi. By hom (derde van links) en die viserektor (Onderrig), prof Russel Botman (naasregs), is drie van die uittredendes, Willem Bantam van Toegepaste Wiskunde (vergesel van sy vrou, Grace Bantam), Wilma Roux van Beurse en Lenings en Marie Maree van die Stellenbosch Stigting.**

# US groet 105 wat pakkette neem

**ALTESAAM 105 US-personeellede verlaat die universiteit met vrywillige uitdienstredingspakkette. Die meeste van hulle het reeds teen die einde van November uitgetree en die res aan die einde van Desember. Dié 105, volgens hul werksomgewings, is:**

**Afstandsonderwys:** me Juliette Combrink
**Akademiese Steun:** me Collena Blanckenberg (Taalsentrum: Eenheid vir Afrikaans); en me Alta Schoeman (Sentrum vir Onderrig en Leer); **Bellvillepark-kampus:** mee Ellen de Wet en Maureen Kleyn (Adjunkregistrateursafdeling); **Beurse en Lenings** (Registrateursafdeling): me Wilma Roux; **Biblioteekdiens:** me Santa Coward (Bos- en Houtkundebiblioteek), me Christine Williams (Ingenieursbiblioteek), me Frida Bekker (Musiekbiblioteek) en mee Maryth Meise en Elise Oosthuizen asook mnre Frans Papier, Matthew Syphus en Dawood Ross (al vyf by die JS Gericke Biblioteek). **Fasiliteitsbeplanning:** mnr Johann Leuvennink en Fasiliteitsbestuur: mnr Johan Cilliers; **Finansies:** mee Mariana du Toit (Studentegelde en Debiteure), Hettie Waldek (Finansies en Bestuurstelsels) en Retha van Tubbergh (Begrotingsbeheer); **Informasietegnologie:** me Ina Viljoen; **Ingenieurswese:** mnre Wessel Seconds (Bedryfsingenieurswese) en Edward Crowley (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese), mee Christine Pietersen en Sonja Westraad (Sentrale Meganiese Dienste) asook mnr Willem Bantam (Toegepaste Wiskunde); **Innovus/Unistel:** mnr Jacques Stofberg; **Instandhouding en Bedryf:** me Mary Constable asook mnre Alan Anthony, Dave Bakker, Wellington Maliza, Saiat Rhoda, Gussie Robyn, William Roland, Isaac Page, Frans Simons en Basil van Gensen. **Korporatiewe Sake:** mnr Hans Oosthuizen; **Koshuise (Studentesake):** me Leta Aucamp (Sonop); **Landbou- en Bosbouwetenskappe:** me Elma van den Berg (Hortologie), proff Johann Laubscher (Landbou-ekonomie) en Danie Barry (Veekundige Wetenskappe) asook me Sophie Johnson en mnr Louis Arnolds (Fakulteitsadministrasie). **Lettere en Wysbegeerte:** dr Etienne Britz, dr Truida van der Merwe en me Hannie van der Merwe (Afrikaans en Nederlands), mnr Jan Koopman (Fakulteitsadministrasie), prof Larry Zietsman en me Anne-Marie van der Westhuizen (Geografie en Omgewingstudie), me Suzette Winckler (Maatskaplike Werk), me Antoinette Theron (Musiek) en mnr Pieter Joubert (Sosiologie). **Menslike Hulpbronne:** me Elize Cronjé en mnr Johann Geldenhuys. **Natuurwetenskappe:** me Monique Immelman en mnr Edward Foster (Biochemie), mnr Johan Malherbe asook drr Derek Pienaar en Gawie Wessels (Chemie en Polimeerwetenskap), dr Marjanne Senekal (Fisiologiese Wetenskappe), drr Bettie Marais, Willem Sirgel, Piet Vorster en Jeff Watts (Plant- en Dierkunde), prof Pieter de Villiers, me Marna van Deventer en mnr Koos Engelbrecht (Rekenaarwetenskap), asook prof Ria van Wyk, dr Charlyn Vosloo én mee Aphea February, Marietjie Botha, Elsabé van der Merwe en Laetitia Viljoen (Verbruikerswetenskap). **Opvoedkunde:** me Amanda le Roux (Kurrikulumstudie) asook mnre William Gordon en Freddie Skippers (Sportwetenskap). **Regsgeleerdheid:** proff Charl Hugo (Handelsreg) en Gerhard Erasmus (Publiekreg); **Stellenbosch Stigting**: mee Marie Maree en Maniunia Spence asook mnre Philip de Witt en Barry van der Merwe; **Tygerberg-kampus:** me Lorraine Louw (Akademiese Administrasie); me Elsa Garbutt (Anatomie en Histologie); me Ronelle van Zyl (Arbeidsterapie); me René van Dyk (Dermatologie); me Magdel Nel (Fakulteitsbestuur); mee Angelene Norval (Finansies) en Grace Austin (Finansies, skakelbord); mnr Vaughan du Toit (Fotografie, TMG); me Natalie Auerbach (Geneeskundige Fisiologie en Biochemie); mnre Nico Andrews, Frank Bennett, Greg du Toit, Titus Hendricks, Koos Prinsloo en Ronnie van Wyk (Instandhouding en Bedryf); me Susan Stipp (Interne Geneeskunde); me Linda van Tonder (Spraak-, Taal- en Gehoorterapie); me Suné van Rooyen (Unistel: Consultus); mnr Jan Abrahams en mev Esmerelda Esterhuizen (USBD – hulle is pa en dogter); **Universiteitsmuseum:** mnr Peter Wagner. **US Drukkery:** me Wilmarie Visser en mnr Joey Herbert.

# *Gemeenskapsinteraksie – die nuwe klaskamer*

**In die akademiese wêreld word gemeenskapsinteraksie al belangriker. Diensleer word hier en oorsee toenemend 'n integrale deel van verskeie universiteite se studieprogramme.**

Teen dié agtergrond het die US pas vir ons akademici 'n internasionale simposium saam met die Universiteit van Indianapolis aangebied.

Die rektor, prof Chris Brink, en Indianapolis se internasionale rektorsambassadeur, dr Phylis Lan Lin, het by die simposium se opening opgetree.

Dr Mary Moore,'n viserektor van Indianapolis, het gepraat oor die belangrikste neigings in die toekoms van diensleer – wat al meer deel word van leerplanne, beheer deur reguleringsliggame. Dié liggame sal universiteite dwing om saam met inwoners (wat sy "kiesers" noem) te werk om dienste aan húlle te identifiseer.

Met 'n aanhaling uit die akkreditasiehandboek van die hoëronderwys-kommissie in Noord-Sentraal-VSA het sy verduidelik dat diensleer universiteite help om vinnig meer te leer van inwoners in gebiede rondom elke instansie – en om vas te stel of 'n universiteit wel gemeenskapsbehoeftes en -verwagtings bevredig.

Diensleer noodsaak ook universiteitsbeleggings (geld en tegnologie-oordrag) tot voordeel van die gebiede wat hulle bedien én van hul eksterne vennote. Vorentoe gaan dit nodig wees om diensleeruitkomste te meet en te evalueer – volgens kwaliteit en kwantiteit, 'n groter institusionalisering van diensleer asook die gebruik van diensleer as 'n "onderwysmetodologie, want dit is inherent interdissiplinêr en holisties," sê Moore.

"Deelname aan diens bemagtig studente deurdat hulle nou moet staatmaak op hul individuele talente; dit daag studente uit omdat daar nou van hulle vereis word om multidissiplinêre raamwerke te gebruik in die verstaan van verskillende lewensomstandighede; en dit integreer studente deur hulle saam te bring in spanne en as deel van projekte. Nuwe akademiese programme sal groei uit diensleer met benaminge soos burgerskap en gemeenskap, burgerlike interaksie en globale leierskap."

Hennie Rudman

**Dr Phylis Lan Lin het die Universiteit van Indianapolis se vlag aan die rektor, prof Chris Brink, oorhandig.**

Moore se aanbieding is gevolg deur dié van dr Josef Lazarus van Chesp (Community Higher Education Service Partnerships) oor hoe dié liggaam diensleer in Suid-Afrika ontwikkel. Dr John Carneson van die HEQC (Hoër Onderwys Gehalteversekeringkomitee) het die HEQC se funksie verduidelik en die HEQC/Jet Goeie Praktyk-gids vir Diensleer aan die afgevaardiges bekendgestel.

**- Lynne Rippenaar**

# *Eerstejaarsakademie se planne bekend*

*(van bl. 1)*

Die klem moet sterk val op vakke waarin baie eerstejaarstudente gewoonlik druip – met aandag aan hoe en wanneer om hoërisiko-studente uit te ken, watter soort hulp hulle wanneer moet kry, kan dit verbeter (uitgebrei) word, is hulp in een of méér vakke nodig en speel nie-akademiese faktore soos geld of huisvesting 'n rol.

'n Doeltreffende vroeëwaarskuwing-stelsel kry ook aandag. So ook roosterkoördinering (toets- én eksamenroosters); optimale benutting van inligting- en studentestelsels; maatreëls om elke hoërisiko-geval se vordering te monitor en gereeld terugvoer te gee (dalk ook aan ouers/voogde); advisering, voorligting, kanalisering en verpligte oorskakeling na verlengde graadprogramme of ander akademiese ontwikkelingsprogramme; en om deeglik te kyk na goeie praktyke en navorsing (by die US, landwyd én internasionaal) sodat die US se optrede aangepas en verbeter kan word.

Teen middel-2006 moet die KK ook aanbeveel hoe die Eerstejaarsakademie se inisiatiewe verder gevoer moet word.

www.usedcarscape.co.za
Die Webwerf in die Kaap met meer as 600 motors